

21 Maart

Skrifgedeelte: Lukas 1:26-38, 46-55 (1933/53-vertaling)

Fokusgedeelte: Lukas 1:48-52

Nederigheid is gewillige oorgawe

Opvallend hoedat op “Menseregtedag” nederigheid en hoogmoed hier aan die orde kom. Hoe hoog het die mens tog nie in homself geword deur op sy regte te begin staan nie! Is daar nog êrens in hierdie tyd ware nederigheid?

Ja, daar is! Ons moet net weer regtig verstaan wat nederigheid is. In haar lofsang bring Maria haar nederige toestand in verband met die groot dinge wat God aan haar gedoen het, toe sy gehoor het dat sy die moeder van Jesus, die Seun van God, die Messias-Koning sou word. Hier wys sy wat nederigheid werklik is. Nie soseer 'n uiterlike lewenshouding teenoor mense nie, maar die belydenis dat God jou genadig is deur wat Hy in jou lewe doen, en dan soos Maria te sê: “Hier is die diensmaagd van die Here. Laat dit met my gaan volgens u woord” (Luk 1:38).

Nederigheid is nie waar jy so gering is, dat almal op jou kan trap nie, maar waar jy jou gewillig oorgee aan wat God in jou lewe doen. Eweneens is hoogmoed nie waar die mens neus in die lug op almal rondom hom trap nie, maar waar die mens hom nie gewillig aan God onderwerp nie. Hoogmoediges verhef hulle nie net bo mense nie, maar bo God. Dit is waarom die Here hulle sal verneder en verstrooi en van hulle trone afruk.

Jesus se nederigheid was nie die voetwassing van sy dissipels nie (dit was beeld van sy dienende dienswerk), maar sy gehoorsaamheid aan die Vader tot die dood van die kruis toe.

Sing: Psalm 40:4 (1936-beryming) / Psalm 56:1 (1936-beryming)

Ds JH Cilliers (Reitz)

